***Twee rusdae te Kana***

**89** Na die beëindiging van die ontbyt sê **Ek** aan al die aanwesiges: ”Wie tuis iets te reël en te doen het, kan nou vir `n paar dae gaan; maar op die derde dag moet julle weer hier wees. Want Ek bly nou hier vir `n paar dae in Kana en sal Myself `n bietjie rus gun. Diegene wat te ver weg woon, kan hier bly, net soos diegene wat nie van My af weg wil gaan nie! Maar Ek sal gedurende hierdie twee dae niks onderrig of doen nie, maar - soos gesê - Ek sal slegs uitrus en vir julle almal tot die Vader bid”.

[2] Nou kom ook Mirjam (Maria) en My vyf broers na My toe en vra My of hulle ook vir `n paar dae na Násaret mag gaan om daar die huishoudelike sake in orde te bring.

[3] **Ek** sê: “Ja, gaan en doen dit; **want My leerlinge moet ook hulle wêreldse huishoudings in orde hê!** Reël egter die huislike sake vas vir die komende paar jaar en verhuur die huis kosteloos aan `n arm persoon! Want julle as My broers en leerlinge mag in die toekoms van niemand rente of loon vra nie, maar slegs dit aanneem wat mense julle vrywillig sal gee!” Die broers en ook Mirjam beloof dit en vertrek na Násaret.

[4] Van die leerlinge wat My vanaf Betábara, waar Johannes doop, gevolg het, gaan slegs Thomas huistoe met die voorneme om daar nog meer volgelinge vir My te werf, wat hy dan ook doen. Maar onder hulle was ook `n sekere Judeër **wat nie `n oorspronklike Galileër was nie**, genaamd Iskariot, wat My later verraai het. Hy was tot op `n bepaalde oomblik die ywerigste van al My volgelinge. Hy tree op as rekenmeester, betaal oral alles en gedra homself `n bietjie soos kwartiermeester en leier op die plekke, waar Ek later heen getrek het. Maar hy weet hoe om in die geheim ook goeie munt te slaan uit My dade en leringe, en hierdie geldhonger maak hom uiteindelik tot die persoon wat hy geword het, naamlik `n verraaier van My! Petrus en die ander leerlinge wat My ook reeds vanaf Betábara gevolg het, bly egter.

[5] **Petrus** sê, toe Ek hom vra of hy nie ook vir `n paar dae huistoe wil gaan nie: ”Meester, slegs die dood of `n bevel uit U mond kan my van U skei! Ek het Thomas `n opdrag saamgegee vir my seun Markus dat hy hierheen moet kom, want omdat hy byna net so goed skryf as Matthéüs, kan hy goed gebruik word! Dit is dan ook al wat ek nou in my huishouding te reël het; vir alles anders sorg U immers, JaHWeH en my Elohim!” **Ek** sê: “Nie so luid nie, My Simon Petrus; want Ons is hier nie in Sigar nie! Hier is sommiges, wat nog nie so ver is as jy nie, wat hulleself kan vererg. Daarom is dit voldoende as jy My van nou af aan “Meester” noem; die ander moet jy voorlopig in jou hart, wat aan My welbekend is, bewaar!”

[6] Petrus is dit hiermee eens en vra My of ons gedurende die twee dae in Kana heeltemal niks sal doen nie. Maar **Ek** sê: “Sekerlik nie; maar so inspannend soos in Sigar sal dit nie word nie! Ons is hier, in aardse terme gespreek, in ons eie vaderland en jy weet hoe baie `n profeet in sy eie land gewaardeer word! Daarom sal ons hier ook op ons eie gebied nie baie doen en leer nie; **want waar die geloof ontbreek, daar is vir ons weinig werk**. ons sal ons daarom hier, soos mens wel sê, `n paar dae lank laat bederf en ons `n bietjie meer voorberei op die komende tyd.”

[7] Na hierdie woorde kom Matthéüs en vra My of hy gedurende die twee dae hier dalk die een en ander moet opteken van wat hy in Sigar gesien en gehoor het.

[8] **Ek** sê egter: ”As jy iets wil doen, **skryf dan die bergrede nog `n paar keer oor;** daarvan moet dan hier in Kana by ons gasheer `n eksemplaar laat bly, en ons wil een agterlaat in Kapernaum; want ook daar sal ons verder nie baie gedoen kry nie!”

[9] Toe kom die gasheer en vra My wat Ek die middag wil eet. En **Ek** sê aan hom: ”Vriend, waarom so `n onnodige vraag? Voor die ontbyt het jy my immers ook niks gevra nie en dit het vir My goed gesmaak! So sal die middagmaal vir My ook smaak! **Ek sê jou, elke spys wat gekruid is met die edele en liefdevolle hart van die gewer, smaak die beste**, beter as die kosbaarste voedsel wat op tafels van selfsugtige swelgers skitter en met hulle ambergeur die sale vul.” Ons jonge gasheer was heel gelukkig met die antwoord en stel daarop met `n blye hart alles aan die werk om ons middagmaal so goed as moontlik te versorg.

[10] En so gaan hierdie twee dae verby met die hou van enkele goeie besprekings en veelvuldige besoeke van die kant van die inwoners uit hierdie kleine stad.

[11] Ook word etlike siekes slegs deur handoplegging genees en Ek wys aan `n goeie dokter daar, wat die geneeskrag deur die handoplegging nie kon begryp nie, `n groot aantal geneeskundige kruie en ander dinge waarmee hy voortaan die beste kure kon saamstel en waardeur hy `n eervolle naam verkry.

[12] Op die derde dag kom almal wat gedurende die twee dae huistoe gegaan het, behalwe moeder Mirjam en die vier oudste broers, weer terug en bring van al die kante nuwe leerlinge saam. Veral Thomas het `n besonder ryke visvangs gehad en het ook `n hoeveelheid gebraaide visse saamgebring; want hy weet dat Ek sulke visse graag eet.

[13] En ook die jonge Markus het baie groete gebring van sy vader Simon en daarby baie goeie gebraaide visse; en Iskariot het baie geld en baie lewe in die geselskap ingebring, want hy was baie lewendig en beweeglik en reël alles. Hy het baie welgevalle in My gevind en weet baie te vertel oor verskillende voorvalle wat hier en daar in die groot Romeinse ryk voorgekom het.

[14] Toe ons so bymekaar was, wil Ek gereed maak vir die verdere reis. Maar die gasheer versoek My om nog tot die aand te bly, omdat dit buite baie warm was. Ek bly toe tot die aand. Toe die son egter byna ondergaan, waarsku Ek die geselskap om hulleself reisvaardig te hou, omdat Ek van plan was om teen sonsondergang verder te gaan.

### *Die genesing van die vorsteseun*

*(En daar was `n vorstelike persoon te Kapernaum wie se seun siek was. Hy verneem dat JaHWèshua uit Judea na Galilea kom en gaan na Hom toe en vra hom, of hy wil kom en sy seun genees; want hy lê op sterwe.* ***Johannes. 4: 47****)*

**90** Toe ons wil vertrek, kom `n man My hardlopend en heeltemal uitasem tegemoet, wat van koninklike afkoms was en `n naaste bloedverwant was van die owerste, wat `n paar dae tevore na Kapernaum gegaan het. Hierdie man het van die owerste gehoor dat Ek van Judea weer na Galilea sou terugkom. Hy het slegs één seun, wat skielik deur `n kwaad-aardige koors oorval is en toe die dokter in Kapernaum die sieke sien, besef hy oombliklik dat die seun nie meer redbaar was nie. Die vader van die jongeling was wanhopig en van verdriet weet hy nie wat hy moes doen nie. Toe kom **Cornelius**, die owerste, na hom toe en sê: ”Broer, daar is nog één moontlikheid! Van hier na Kana neem vir `n goeie loper kwalik `n uur. Daar bevind die beroemde geneser JaHshua uit Násaret homself! Ek het Hom Self op my reis hierheen daar aangetref en met Hom gespreek! Hy sal sekerlik nog daar wees; want Hy het my belowe om daarvandaan reguit na my in Kapernaum te kom en my te besoek. Wat Hy belowe, dit doen Hy ook sonder enige twyfel! Omdat Hy egter tot nou toe nog nie gekom het nie, is Hy beslis nog in Kana! Gaan daarom so vinnig moontlik persoonlik daarheen en vra Hom of Hy na jou seun sal kom en hom sal help! En ek staan daarvoor in dat Hy direk sal kom en jou seun sal help!”

[2] Sodra die vorstelike persoon dit van sy broer Cornelius hoor, snel hy in aller yl na Kana en kom dan ook, soos reeds hierbo vermeld, heeltemal uitasem in Kana aan op die oomblik wat Ek die eerste stap vir die verdere reis neem. Kwalik by My aangekom, val hy voor My neer en smeek My om tog so vinnig moontlik saam met hom na Kapernaum te gaan omdat sy enigste seun, wat alles vir hom beteken, al met die dood worstel en daar in Kaper-naum geen dokter is wat hom kan help nie. As Ek nie so vinnig moontlik saam met hom sou gaan nie, sou sy seun sekerlik sterwe voordat Ek in Kaper-naum kom, as sy seun nie al in die tussentyd reeds gesterwe het nie!

*(En JaHWèshua sê vir hom: ”As julle geen tekens en wonders sien, glo julle nie!”* ***Johannes. 4: 48****)*

[3] **Ek** sê: “Kyk, My vriend, dit is by julle `n lastige geskiedenis! Want as julle nie vooraf tekens en wonders sien nie, dan glo julle nie! Ek help in die eerste plek slegs diegene wat glo, ook as hulle vooraf geen tekens en wonders gesien het nie! **Want waar Ek onvoorwaardelike geloof teëkom, daar genees Ek ook vas en verseker!”**

*(Die vorstelike persoon sê aan hom: ”Kom af, voordat my seun sterf!”* ***Johannes. 4: 49****)*

[4] Toe roep **die vorstelike persoon**: “O Meester, moenie hier so lank met my praat nie; U sien tog dat ek glo, anders het ek nie na U toe gekom nie! Ek smeek U, o Meester, kom tog onder die dak van my huis en my seun sal lewe! As U egter wag, dan sal hy sterf nog voor U daar is! Ek het baie knegte in diens en as ek aan die een of ander sê: doen dit, of doen dat, dan sal hy dit doen. As ek nie volledig in U glo nie, o Meester, dan het ek een van my knegte na U toe gestuur. Maar omdat ek onvoorwaardelik in U glo, het ek self gekom; want my hart sê vir my: As ek U maar vind en sien, dan word my seun gesond! Meester, ek gee toe dat ek glad nie werd is dat U onder my dak sou kom nie, - maar as U slegs één woord sou wil spreek, dan sal my seun gesond en lewend word!”

*(JaHWèshua sê tot hom: ”Gaan heen, u seun leef!” Die man glo die woord, wat JaHWèshua tot hom spreek, en gaan heen.* ***Johannes 4: 50****)*

[5] **Ek** sê: ”Vriend, so `n geloof het Ek in die hele Israel nie teëgekom nie! Gaan getroos huistoe; dit sal geskied soos jy glo! Jou seun leef!” - En die vorstelike persoon gaan huilend van vreugde en dankbaarheid huistoe; want hy glo rotsvas in My Woord. Ek bly nou hierdie aand en die volgende dag nog in Kana, dit gee die gasheer groot genoeg-doening.

*(En reeds terwyl hy afdaal, kom sy knegte hom tegemoet en sê dat sy kind leef.* ***Johannes. 4: 51****)*

[6] Toe die vorstelike persoon, wat in Kapernaum hoog in aansien staan, omdat hy ten eerste, net soos Cornelius die owerste, verwant was aan die regerende huis in Rome, en ten tweede, dat hy deur Rome as `n hoë amptenaar aangestel was, die stad nader, kom **sy baie knegte** hom al tegemoet en roep hom al op `n afstand toe: “Meester, u seun leef en is volkome gesond!”

*(Toe vra hy aan hulle die uur waarop hy beter geword het. En hulle sê aan hom: ”Gister op die sewende uur het die koors hom verlaat.* ***Johannes. 4: 52****)*

[7] Die man val byna flou van blydskap en vra dadelik wanneer hy beter geword het. En **die knegte** antwoord eenstemmig: ”Gister op die sewende uur van die dag het die kwaadaardige koors hom verlaat!”

*(Die vader merk nou dat dit op daardie uur was wat JaHWèshua aan hom gesê het: “U seun leef!”En hy glo met sy hele huis.* ***Johannes. 4: 53****)*

[8] Toe hy dit van sy knegte hoor, bereken hy dit en stel vas dat dit presies op dieselfde oomblik gebeur het waarop Ek aan hom gesê het: “Jou seun leef.” Rustig loop hy toe verder huistoe. En toe hy daar aankom, kom die owerste **Cornelius**, saam met die gesonde en opgewekte seun hom tegemoet en sê aan hom: ”Nou broer, het ek jou na die regte geneser gestuur of nie?”

[9] **Die vorstelike persoon** sê: ”Broer, ja, deur jou raad het jy aan my, my lewe tienvoudig teruggegee! Maar hierdie geneser JaHshua uit Násaret is baie duidelik méér as `n gewone geneser, ook is Hy goed met die genees van siektes deur middel van heilsame kruie! - Dink jou dit eers in! Hy sê, sonder om my seun ooit te sien, slegs heel eenvoudig: “Jou seun leef!” en die jongeling word op dieselfde oomblik gesond. Luister goed, dit beteken tog wel iets heel besonders! Ek sê jou: “Dit kan geen mens doen nie, maar kan slegs vir God moontlik wees! En van nou af aan glo ek en ook sekerlik my hele huis dat hierdie JaHshua sonder enige twyfel `n ware God is, en dat Hy, vir die verlossing van al die mense in die gedaante van `n mens onder die mense is, en hulle genees en onderrig. As Hy hierheen kom, moet Hy hier as `n God geëer word!”